

Die proses van vernuwing

DIE CHRISTELIKE DOOP

Jesus het twee sakramente vir Sy kerk gegee nl. die Nagmaal en die Doop.

Die woord 'Sakrament' se betekenis is as volg:

Dit is 'n fisiese aksie of domonstrasie van 'n geestelike waarheid wat deur die Heilige Gees in 'n mens se lewe tot werklikheid gebring is.

Kyk na die Nagmaal as 'n voorbeeld.

Dus: Die Nagmaal of die Doop kan dus nie deur enige iemand gepraktiseer word sonder dat die werklikheid waarna dit verwys nie eers in daardie persoon se lewe gerealiseer het nie.

As ek my laat doop dra dit die volgende betekenis:

- **DOOP (Lees die AMP vertaling)**

1 Pet 3:18-22 “ Want Christus het ook eenmaal vir die sondes gely, Hy die Regverdige vir die onregverdiges, om ons tot God te bring--Hy wat wel gedood is na die vlees, maar lewend gemaak deur die Gees; ⁽¹⁹⁾ in wie Hy ook heengegaan en gepreek het vir die geeste in die gevangenis ⁽²⁰⁾ wat eertyds ongehoorsaam was toe die lankmoedigheid van God een maal gewag het in die dae van Noag, onderwyl die ark gereed gemaak is, waarin weinig, dit is agt, siele deur water heen gered is; ⁽²¹⁾ waarvan die teëbeeld, die doop, ons nou ook red, nie as 'n aflegging van die vuilheid van die vlees nie, maar as 'n bede tot God om 'n goeie gewete--deur die opstanding van Jesus Christus ⁽²²⁾ wat heengegaan het na die hemel en aan die regterhand van God is, terwyl engele en magte en kragte aan Hom onderwerp is.”

Dit is 'n openbare belydenis (nie in die geheim gedoop) dat:

a. Ek is deur genade gered van die ewige dood.

Rom 6:3-4 “ Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie? ⁽⁴⁾ Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlijkheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel.”

b. Ek het deur geloof wedergeboorte ervaar, en ek het sekerheid dat ek God se kind is en het Sy erfenis die ewige lewe.

c. Ek identifiseer myself deur geloof met die dood, begraving en opstanding van Jesus Christus wat in my plek gesterf het.

- d. Jesus Christus is Heer en Koning van my totale Lewe.



Rom 6:16-18 “ Weet julle nie dat aan wie julle juisself as diensknechte tot beskikking stel om hom gehoorsaam te wees, julle diensknechte is van hom aan wie julle gehoorsaam is nie òf van die sonde tot die dood, òf van die gehoorsaamheid tot geregtigheid? ⁽¹⁷⁾ Maar ons dank God dat julle wel diensknechte van die sonde was, maar van harte gehoorsaam geword het aan die voorbeeld van die leer wat aan julle oorgelewer is, ⁽¹⁸⁾ en, vrygemaak van die sonde, het julle diensbaar geword aan die geregtigheid.”

- e. Ek het die weë en begeertes van die wereld



Fil 3:14 “Maar een ding:ek vergeet verlaat om God se totale wil vir my lewe te agter is en strek my uit na soek en te volg. wat voor is..”

- f. Die begrafnis van die ou sondaar mens.



Rom 6:3-9 “Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie? ⁽⁴⁾ Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlijkheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel. ⁽⁵⁾ Want as ons met Hom saamgegroe het deur die gelykvormigheid aan sy dood, sal ons dit tog ook wees deur dié aan sy opstanding; ⁽⁶⁾ aangesien ons dit weet dat ons oue mens saam gekruisig is, sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie meer die sonde sou dien nie. ⁽⁷⁾ Want hy wat gesterf het, is geregverdig van die sonde. ⁽⁸⁾ As ons dan saam met Christus gesterf het, glo ons dat ons ook saam met Hom sal lewe, ⁽⁹⁾ omdat ons weet dat Christus, nadat Hy opgewek is uit die dode, nie meer sterf nie. Die dood heers oor Hom nie meer nie.”

- g. Dit vorm deel van my geestelike fondasie.



Heb 6:1-2 “Daarom moet ons nie bly by die begin van die prediking aangaande Christus nie, maar na die volmaaktheid voortgaan sonder om weer die fundament te lê van die bekering uit dooie werke en van die geloof in God, ⁽²⁾ van die leer van die doop en van die handoplegging en van die opstanding van die dode en van die ewige oordeel.”

Luk 6:46-49 “En wat noem julle My: Here, Here! en doen nie wat Ek sê nie? ⁽⁴⁷⁾ Elkeen wat na My toe kom en na my woorde luister en dit doen Ek sal julle wys soos wie hy is ⁽⁴⁸⁾ Hy is soos 'n man wat 'n huis bou, wat gegrawe en diep ingegaan en die fondament op die rots gelê het; en toe die vloedwater kom en die stroom teen daardie huis losbreek, kon hy dit nie beweeg nie, omdat sy fundament op die rots was. ⁽⁴⁹⁾ Maar wie dit hoor en dit nie doen nie, is soos 'n man wat 'n huis sonder fondament op die grond bou, en die stroom het daarteen losgebreek en dit het dadelik geval, en die instorting van daardie huis was groot.”

- h. Daarom is dit 'n opdrag en nie 'n keuse nie.



Mat 28:19 “Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.”

- i. Dit is 'n “waterskeiding” tussen my ou en nuwe lewe.

1Pet 3:20-21 “ wat eertyds ongehoorsaam was toe die lankmoedigheid van God een maal gewag het in die dae van Noag, onderwyl die ark gereed gemaak is, waarin weinig, dit is agt, siele deur water heen gered is; ⁽²¹⁾ waarvan die teëbeeld, die doop, ons nou ook red, nie as 'n aflegging van die vuilheid van die vlees nie, maar as 'n bede tot God om 'n goeie gewete-- deur die opstanding van Jesus Christus”

- j. As ek my laat doop is ek nie, en gee ek nie voor, dat ek 'n volmaakte mens is nie, maar iemand wat deur die Heilige Gees bewoon word en afgesonder word vir 'n groeiproses na volwassenheid in Jesus Christus.



Efe 4:22-24 “ dat julle, wat die vorige lewenswandel betref die oue mens moet aflê wat deur die begeerlikhede van die verleiding te gronde gaan, ⁽²³⁾ en dat julle vernuwe moet word in die gees van julle gemoed ⁽²⁴⁾ en julle met die nuwe mens moet beklee wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid.”

- k. Die doop staan daarom aan die begin en nie aan die einde van my geestelike pad en verhouding met God nie.



- **Oorsprong van die doop**

- Om 'n mens te laat doop is 'n opdrag van Jesus Christus.


Mar 16:15-16 “ En Hy het vir hulle gesê: Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom ⁽¹⁶⁾ Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word.”

Hand 22:16 “ En nou, waarom versuim jy? Staan op, laat jou doop en jou sondes afwas, terwyl jy die Naam van die Here aanroep”.

- Omdat die doop heils betekenis het, is dit God se wil dat 'n wedergebore Christen hom of haar op hierdie spesifieke wyse moet identifiseer as deel van Sy koninkryk.
- Dit is dus 'n openbare bewys van iemand se vereenselwiging met die liggaam van Jesus Christus.

1 Kor 12:13 “ Want ons is almal ook deur een Gees gedoop tot een liggaam, of ons Jode of Grieke is, slawe of vrymanne; en ons is almal van een Gees deurdronge.”

- Die Bybel beskryf twee soorte waterdoop:
 - Die doop van bekering.
 - Die doop van Jesus Christus.



- Vir die tyd waarin ons vandag lewe na Jesus se opstanding is slegs een doop geldig nl. die doop van Jesus Christus.



Hand 19:1-5 “En terwyl Apollos in Korinthe was, het Paulus die boonste landstreke deurgereis en in Éfese gekom; en daar het hy sommige dissipels gevind ⁽²⁾ en hulle gevra: Het julle die Heilige Gees ontvang toe julle gelowig geword het? En hulle antwoord hom: Ons het nie eens gehoor dat daar 'n Heilige Gees is nie.⁽³⁾ En hy vra vir hulle: met watter doop is julle dan gedoop? En hulle antwoord: Met die doop van Johannes.⁽⁴⁾ Daarop sê Paulus: Johannes het met die doop van bekering gedoop en aan die volk gesê dat hulle moes glo aan die Een wat na hom kom, dit is in Christus Jesus.⁽⁵⁾ En toe hulle dit hoor, is hulle gedoop in die Naam van die Here Jesus.”

Efe 4:5 “een Here, een geloof, een doop....,”

- Die waterdoop na wedergeboorte vervang nie en is nie dieselfde as besprinkeling nie.

- **Voorvereiste vir die Christelike doop**

- Die enigste korrekte volgorde:
 1. Geloof (glo) - wedergeboorte.
 2. Doop



Hand 2:37-38 “ Toe hulle dit hoor, is hulle diep in die hart getref en het vir Petrus en die ander apostels gesê: Wat moet ons doen, broeders?⁽³⁷⁾ En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang.”

- Daar bestaan daarom nie iets soos groot en klein doop nie. Kom ek verduidelik dit so. Die oomblik wat ek deur my eie keuse, self besluit dat Jesus Christus my persoonlike verlosser en redder is, maak nie saak of ek 8, 18, 38, 58, 88 of selfs 118 jaar oud is nie, dan moet ek my laat doop.
- Dit is my eie keuse, nie 'n keuse wat iemand anders vir my gemaak het nie en die keuse neem en doen ek voor God.

- **Die Bybelse wyse van Doop**

- Die woord doop is afgelei van die Griekse Nuwe Testament woord BAPTIZO. Die enigste woord wat verband hou met waterdoop. Die letterlike betekenis van die woord is om onder te dompel.



Hand 8:38-39 “ En hy het beveel dat die wa moes stilhou; en hulle het altwee in die water afgeklim, Filippus en die hofdienaar; en hy het hom gedoop. ⁽³⁹⁾ En toe hulle uit die water opklim, het die Gees van die Here Filippus skielik weggevoer, en die hofdienaar het hom nie meer gesien nie, want hy het sy weg met blydschap gereis.”

Joh 13:26 “ Jesus antwoord: Dit is die een aan wie Ek die stukkie sal gee as Ek dit ingedoop het. En toe Hy die stukkie ingedoop het, gee Hy dit aan Judas Iskariot, die seun van Simon.”

- Met die begrip an ‘n begrafnis van die ou mens is water daarom simbolies van ‘n graf. Met die simboliese betekenis van die ou sondige mens se sonde wat afgewas word, is die water ook simbolies van die bloed wat ons reinig van alle sonde.

Tit 3:5 “nie op grond van die werke van geregtigheid wat ons gedoen het nie, maar na sy barmhartigheid het Hy ons gered deur die bad van die wedergeboorte en die vernuwning deur die Heilige Gees”




Joh 3:23 “En Johannes was ook besig om te doop in Enon naby Salim, omdat daar baie water was. En die mense het daar gekom en is gedoop.”

- **Voorbeelde uit die Woord**

- Jesus is altyd ons voorbeeld

Mat 3:16 “ En nadat Jesus gedoop was, het Hy dadelik uit die water opgeklim, en meteens gaan die hemele vir Hom oop, en Hy sien die Gees van God soos 'n duif neerdaal en op Hom kom.”



- Mense is gedoop na hul tot bekering gekom het.

Hand 2:38 “En Petrus sê vir hulle: *Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang.*”



Hand 8:13 “En Simon het ook self gelowig geword, en nadat hy gedoop was, gedurig by Filippus gebly; en hy was verbaas toe hy die tekens en groot kragte sien gebeur.”

Hand 8:36-39 “En terwyl hulle voortreis op die pad, kom hulle by water; en die hofdienaar sê vir hom: *Daar is water; wat verhinder my om gedoop te word?* (37) *Toe sê Filippus: As u glo met u hele hart, is dit geoorloof. En hy antwoord en sê: Ek glo dat Jesus Christus die Seun van God is.* (38) *En hy het beveel dat die wa moes stilhou; en hulle het altwee in die water afgeklim, Filippus en die hofdienaar; en hy het hom gedoop.* (39) *En toe hulle uit die water opklim, het die Gees van die Here Filippus skielik weggevoer, en die hofdienaar het hom nie meer gesien nie, want hy het sy weg met blydschap gereis.*”

- Mense wat deel geword het van die nuwe verbond.



Hand 9:18 “En dadelik het daar iets soos skille van sy oë afgeval, en hy kon onmiddellik weer sien; en hy het opgestaan en is gedoop.”

- Mense wat tot geloof in Jesus gekom het .

Hand 10:47-48 “Niemand kan tog die water weer, dat hierdie mense, wat net soos ons die Heilige Gees ontvang het, nie gedoop word nie? **(48)** *En hy het beveel dat hulle gedoop moet word in die Naam van die Here. Toe het hulle hom gevra om nog 'n paar dae te bly.*”

Hand 16:15 “En toe sy en haar huisgesin gedoop is, het sy by ons aangedring en gesê: *As u oordeel dat ek in die Here glo, kom dan in my huis en bly daar. En sy het ons gedwing.*”

- Huisgesinne wat as geheel gelowig geword het.

Hand 16:14-15 “En 'n vrou met die naam van Lídia, 'n purperverkoopster van die stad Thiatíre, 'n godsdienstige vrou, het geluister; die Here het haar hart geopen om ag te gee op wat deur Paulus gesê is. **(15)** En toe sy en haar huisgesin gedoop is, het sy by ons aangedring en gesê: As u oordeel dat ek in die Here glo, kom dan in my huis en bly daar. En sy het ons gedwing.”

Hand 18:8 “En Crispus, die hoof van die sinagoge, het met sy hele huisgesin in die Here geglo; en ook baie van die Korinthiërs het, toe hulle hom hoor, gelowig geword en is gedoop.”

- Waar kom die besprinkeling vandaan?

Ongeveer 150 jaar na Christus se hemelvaart het Konstantyn wat 'n Romeinse Keiser was, die vervolging teen die Christene gestaak omdat Hy die seen van God op sy lewe en spesifiek sy veldslae gesoek het nadat hy 'n visioen daaroor gehad het. Hy is meegedeel dat indien hy werklik as 'n Christen bekend wou wees, hy homself moes laat doop. Hy het ingestem en sodoende is duisende van sy volgelinge ook gedoop sonder die oortuiging van wedergeboorte. Sommiges is in hul massas met besems nat gegooi en “gedoop”. Huis gesinne het ook die ritueel deurgemaak. Omdat dit 'n risiko inhou vir babas om onderdompel te word, is water op hul hoofde gedrup as teken dat hul “gedoop” is. Die eerste babas wat so “gedoop” is, is eers in die 2e eeu na die hemelvaart van Jesus besprinkel. Hierdie tradisie word steeds vandag in verkeie kerke toegepas.

Die ander rede waarom kinders besprinkel word is uit die “verbondsleer”. Volgens hierdie siening het die doop die besnydenis van die Ou Verbond vervang. Dit is egter onskriftuurlik omdat mense slegs deur Jesus Christus as Saligmaker te ken deel kan word van die Nuwe Verbond.(Gal 3:13-16) Die besnydenis van die hart in die Ou sowel as Nuwe Verbond is die voorvereiste om as kind van God deel te hê aan die Ewige Lewe.

Rom 2:28 “Want nie hy is 'n Jood wat dit in die openbaar is nie, en nie dit is besnydenis wat dit in die openbaar is nie; maar hy is 'n Jood wat dit in die verborgene is, en die besnydenis is die van die hart, in die gees, nie na die letter nie. Sy lof is nie uit mense nie maar iut God.”

Paulus se bekering en doop as verbondskind is 'n uistekende voorbeeld in Hand 9.

- **Die stap van gehoorsaamheid, om jou te laat doop na wedergeboorte, lei na 'n intiemer verhouding met Jesus en groter heerlijkheid in God se Koninkryk.**

Gal 3:26-27 “ *Want julle is almal kinders van God deur die geloof in Christus Jesus; (27) want julle almal wat in Christus gedoop is, het julle met Christus bekleed.*”

